**In die begin was die Woord God (OP203)**

**Joh 1:1-5**

**12 Januarie 2025**

Teen die einde van 2024 het ons ons studie van die verbonde van die Here afgesluit. Die gevolg hiervan is dat ons nou aan die begin van 2025 kan begin met 'n nuwe studie. Ek het besluit om te begin met 'n reeks waarin ons die evangelie van Johannes bestudeer. Daar was verskeie redes hoekom ek hierop besluit het:

- Oor die afgelope aantal maande het ons heelwat tyd in die Ou Testament spandeer. Ek het dit dus goedgedink om nou die fokus op die Nuwe Testament te laat val.
- Ons het in ons bestudering van die verskeie verbonde gesien hoe hierdie verbonde veral vooruit gekyk het na die koms van die beloofde Verlosser – dit is juis in die Evangelies dat die koms van die Here Jesus beskryf word.
- 'n Paar jaar gelede het ek 'n studie gedoen oor die bokamer-gesprek van die Here Jesus soos wat dit in die Johannes-evangelie beskryf word. Dit was vir my verstommend hoeveel ryk inhoud in daardie gesprek opgesluit lê – en sedertdien was daar voortdurend by my die verlange om hierdie evangelie in meer diepte te bestudeer.

Ek hoop dat ons bestudering van hierdie boek vir ons almal tot opbou in ons geloof sal dien, en veral dat ons opnuut 'n besondere waardering sal ontwikkel vir die werk van ons Here Jesus. Ek beplan om ruim gebruik te maak van drie bronne: (1) Die kommentaar van Mark Johnston "Let's study John", (2) die Tyndale kommentaar deur RVG Tasker oor Johannes, en (3) Don Carson se kommentaar "The Gospel according to John".

Ek wil vandag eers 'n paar inleidende opmerkings maak oor die boek Johannes, waarna ons dan na Joh 1:1-5 gaan kyk.

<u>Inleidende opmerkings oor die boek Johannes</u>

Dit word algemeen aanvaar dat die vierde evangelie, d.i. die Johannes-evangelie, deur Johannes geskryf is. Dit is egter so dat die boek nêrens pertinent sê dat Johannes die skrywer was nie. Maar in Joh 21:20 sien ons dat Petrus verwys na die dissipel vir wie Jesus liefgehad het, en dan lees ons in Joh 21:24: "Dit is daardie dissipel wat van hierdie dinge getuig en hierdie dinge geskryf het, en ons weet dat sy getuienis geloofwaardig is." Die vers is baie duidelik dat die skrywer van die Johannes-evangelie die dissipel is vir wie Jesus liefgehad het – en dit word algemeen aanvaar dat daardie dissipel Johannes was. Johannes was een van Jesus se dissipels, hy was een van die apostels – gevolglik was hy getuie van baie aspekte van die Here Jesus se lewe – en gevolglik kan hy 'n geloofwaardige getuie wees om 'n evangelie te skryf. Die Johannes waarvan ons hier praat, was die broer van Jakobus, een van die seuns van Zebedeus.

Dit word ook algemeen aanvaar dat die Johannes-evangelie redelik laat geskryf is – waarskynlik in die laat 80's of selfs vroeë 90's nC. Daar is argumente wat 'n vroeër datum kan verdedig, maar meeste kommentatore aanvaar die later datum. Die implikasie hiervan is dat Johannes dus een van die Bybelboeke is wat die laaste geskryf is, en ook die evangelie is wat die laaste geskryf is – Matteus, Markus en Lukas was alreeds geskryf voor Johannes.

Daar is beduidende verskille tussen die Johannes-evangelie en die ander drie evangelies (Matteus, Markus en Lukas). Die ander drie evangelies word dikwels die sinoptiese evangelies genoem. Hulle word "sinopties" genoem weens die volgende rede: Die voorvoegsel "sin" beteken "dieselfde" – dink

byvoorbeeld aan die woord “sinoniem” wat verwys na woorde wat dieselfde betekenis het. Die opties-gedeelte van “sinopties” verwys na hoe dit lyk. Die punt is die drie sinoptiese evangelies lyk dieselfde – hulle aldrie gee vir ons ‘n oorsig oor die lewe en die werk van die Here Jesus – ja, daar is verskille tussen hierdie drie, maar hulle lyk baie meer eenders as die Johannes-evangelie. Mark Johnston lig byvoorbeeld die volgende uit: Hy sê daar word in totaal 35 wonderwerke van die Here Jesus beskryf in al vier die evangelies – Johannes beskryf egter net 8 hiervan. In aldrie die sinoptiese evangelies word baie aandag gegee aan die gelykenisse wat Jesus vertel het – maar in Johannes word nie een gelykenis beskryf nie. Wat Johannes wel in sy evangelie doen, is om baie meer aandag aan spesifieke preke of gesprekke van Jesus te gee. Mark Johnston sê dit is nuttig om te dink aan die twee maniere waarop ‘n mens ‘n kunsgalery kan besoek: Een manier is om na soveel as moontlik van al die kunswerke te gaan kyk – dit is die benadering van die sinoptiese evangelies – hulle bespreek baie meer gebeure in Jesus se lewe op aarde. Die ander manier is om net ‘n paar kunswerke in die kunsgalery te bestudeer, maar om elkeen in diepte te bestudeer – dit is die benadering van die Johannes-evangelie. Natuurlik is beide maniere nuttig – en om werklik soveel as moontlik te verstaan, moet beide benaderings gevolg word. Daar is dus sin in om al vier die evangelies te mag bestudeer. Ons gaan egter nou op Johannes fokus.

Die volgende vraag om oor te besin, is: Waarom het Johannes, natuurlik onder leiding van die Heilige Gees, besluit om ‘n vierde evangelie te skryf, siende dat daar alreeds drie geskryf was, en siende dat Johannes tog sekerlik vertroud moes wees met hulle aldrie? As Johannes in die 90’s nC geskryf het, was dit dus ongeveer 60 jaar na Jesus se kruisiging. Kommentatore redeneer dat daar teen daardie tyd al verskeie wanopvattings oor die werk van die Here Jesus ontstaan het. Gelukkig het Johannes vir ons presies verduidelik hoekom hy hierdie evangelie geskryf het. Lees Joh 20:30-31. Hier erken Johannes hy verstaan daar is baie meer dinge wat hy sou kon beskryf as die paar wat hy wel beskryf het, maar hy sê dan ook hy het hierdie paar uitgesoek met ‘n spesifieke doel. Sy doel met die evangelie is: “Sodat (sy lesers) kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en dat hulle deur te glo, die lewe in Sy Naam kan hê.” Johannes het dus twee doelwitte met die boek wat hy geskryf het:

- Hy wil sy lesers oortuig wie Jesus is – Hy wil hulle oortuig van twee waarhede rakende wie Jesus is: (1) Hy wil hulle oortuig dat Jesus die Christus is, d.w.s. dat Jesus die Messias is, oftewel dat Jesus die Gesalfde is. Uit ons studie oor die verbonde weet ons dit hou in dat Jesus die gesalfde Priesterkoning is. (2) Hy wil hulle ook oortuig dat Jesus die Seun van God is. Ons sal netnou iets hiervan begin sien as ons na die begin van Joh 1 kyk. Let op dat Johannes twee aspekte oor Jesus aan Sy lesers wil uitwys: Hy is Jesus die Christus, en Hy is Jesus die Seun van God. Johannes wil hê sy lesers moet verstaan wat Jesus se rol is, d.i. Hy is die gesalfde Messias, en hy wil hê hulle moet verstaan hoe verhewe Jesus is, d.i. Hy is die Seun van God.
- Johannes wil egter ook sy lesers oortuig dat dit sinvol is om in Jesus te glo, want deur hierdie geloof kan hulle van Hom lewe ontvang. Ons sal ook netnou iets hiervan begin sien as ons n na die begin van Joh 1 kyk.

Wat die struktuur van Johannes betref, is dit opvallend dat daar verskeie temas is wat herhaaldelik na vore kom – temas soos: lewe, lig, getuie, ware (d.w.s. egte), heerlikheid, waarheid. Ons sal dit oordink soos wat ons deur die boek vorder. Ons kan ook die boek opsom in vier dele:

- Joh 1:1-18 – Proloog
- Joh 1:19 – 11:57 – Jesus se openbare optrede

- Joh 12:1 – 19:42 – Gebeure tydens die week waarin Jesus gesterf het (ongeveer die helfte van die boek word dus gewy aan een week in die lewe van Jesus)
- Joh 20:1 – 21:25 – Jesus se opstanding, die begin van die verspreiding van die evangelie

Ek volstaan met hierdie paar algemene opmerkings oor die boek. Ek wil nou voortgaan deur na Joh 1:1-5 te kyk. Ek wil hierdie paar verse oordink onder die volgende vier punte: (1) Wie is Jesus (v1-2)? (2) Wat het Jesus al gedoen (v3)? (3) Wat is die verband tussen Jesus en ons (v4)? en (4) Hoekom is Jesus so belangrik (v5)?

<u>Wie is Jesus? (Joh 1:1-2)</u>

Lees Joh 1:1-2. Vers 1 begin met die stelling: "In die begin was die Woord". Kom ons dink oor elke gedeelte van die stelling:

- "In die begin" – hierdie stelling herinner natuurlik direk aan die openingstelling in die Bybel in Gen 1:1: "In die begin het God die hemel en die aarde geskep". Dit verwys na die feit dat daar 'n begin van alles was – daardie begin was toe God alles geskep het – dit verwys dus na die begin van tyd en ruimte soos wat ons in die skepping vind.
- "Woord" – Die feit dat ons lees dat die Wóórd in die begin was, strook met wat ons in Gen 1 lees: In die skeppingsgebeure was dit telkens God wat gepraat het, en dan het gebeur wat ookal God gesê het moet gebeur. Dit is dus so dat die Woord van God die instrument was waardeur God geskep het. Maar ons moet ook baie wyer dink as ons van die Woord lees: Die Bybel is ook God se Woord, en ten diepste is God se doel met Sy Woord is dat Hy Homself daardeur wil openbaar – Sy Woord beskryf wie Hy is en ook wat Hy doen. Dink weer aan die skeppingsgebeure: God praat en dit gebeur, en deurdat dit gebeur maak God bekend wie Hy is – Hy is die Skepper, met al die mag en wysheid en insig wat dit verg. God openbaar Homself deur Sy woorde. Dink verder daaraan God se Woord en God se dade stem ooreen. Wat ookal God sê, dit is ook wat Hy doen en dit is wat gebeur. Ps 119:65 sê: "U het goed gedoen aan U dienskneg, Here, volgens U Woord." God se dade en Sy woorde stem ooreen – daarom openbaar Hy Homself deur Sy woorde en dade. Dink maar net aan die talle gevalle in die Ou Testament waar ons lees van die Woord van die Here wat na Moses of die talle profete gekom het – deur hierdie woorde het die Here Homself geopenbaar, en wat ookal Hy aangekondig het, het Hy gedoen. Wat Joh 1:1 dus vir ons sê is dat hierdie effektiewe Woord van die Here waardeur Hy Homself openbaar, was reeds daar tydens die skepping in die begin.

  Maar kom ons lees nou Joh 1:14: "En die Woord het vlees geword en onder ons kom woon". Wel, nou word dit duidelik ons moet selfs nog meer onder die term "Woord" verstaan – die Woord wat vlees geword is natuurlik 'n beskrywing van die Here Jesus wat mens geword het. Jesus is dus ook die Woord. Soos wat die Woord van God tydens die skeppingsgebeure God self geopenbaar het, soos wat die Woorde van die Here aan Moses en die profete die Here en Sy werk aan die mense geopenbaar het, so kan ons ook verwag dat Jesus, wat die Woord is, ook die Here en Sy werk verder sal openbaar. Trouens, Jesus is dié openbaring van die Here aan die mensdom. En dit is juis waarop Johannes in sy evangelie wil fokus.

- "was" – Johannes maak juis die stelling: "In die begin wás die Woord." In die begin was die Woord alreeds daar, in die begin was Jesus dus alreeds daar – toe het Jesus alreeds bestaan. Hier sien ons 'n groot verskil in beklemtoning tussen die Johannes-evangelie en die sinoptiese evangelies: Matteus en Lukas begin met die geboorte van die Here Jesus. Markus begin met die openbare optrede van die Here Jesus. Maar Johannes sê ons moet verstaan

daar is ‘n groter prentjie: Jesus se rol het nie begin met Sy geboorte in Betlehem nie, dit het selfs nie begin met Maria se bevrugting in Nasaret nie – dit gaan verder terug – dit gaan selfs verder terug as die geslagsregisters waarvan ons in van die ander evangelies lees. Dit gaan selfs terug tot reg aan die begin. Trouens reg in die begin was Jesus al – Sy bestaan gaan nog verder terug – dit gaan terug in die ewigheid – daar was nooit ‘n tyd dat die Woord, dit is die Here Jesus, nie alreeds was nie. Wat die ander evangelies leer is natuurlik waar, maar wat Johannes wil onderstreep is dat die werk van die Here Jesus gaan ver terug – terug tot by die begin, toe Hy alreeds was, en selfs nog verder terug.

In die res van vers 1 en vers 2 lees ons nog meer van die Here Jesus as die Woord: Nie net was Hy al van die begin nie, nee, Hy was ook by God, selfs al in die begin, trouens Hy was God. Selfs in die begin, was Jesus al by God en was Hy al God. Dit is ‘n aangrypende stelling: Jesus was toe al by God. Hierdie stelling moet beteken dat Jesus van God onderskei kan word – immers sou dit nie sin maak om te sê Jesus was by God as Jesus nie van God onderskei kan word nie – kan ek dit maar so uitdruk: In die begin was Jesus al, en in die begin was God ook al. Hulle was onderskeibaar, maar tog was Jesus by God. Dit sou in beginsel moontlik wees dat Jesus nie by God hoef te gewees het nie, maar in die begin was Jesus by God. Verder het ons nou al gesien dat Jesus ook God se Woord is – maar God se dade is in lyn met God se Woorde. As ons dus lees Jesus was by God, moet dit tog beteken Jesus is onderskeibaar van God, maar Hy werk saam met God, want Hy is God se Woord, en God se Woord stem ooreen met God se dade. Jesus was dus reeds in die begin belyn met wat God doen.

Maar ons lees nie net Jesus was by God nie, ons lees boonop Jesus was God. Let op, ons lees nie Jesus was soos God nie, ons lees nie Jesus het Goddelike eienskappe gehad nie – nee, Jesus was in die begin al God, trouens Jesus was nog altyd God. Sien jy die kompleksiteit? Aan die een kant is Jesus by God, maar Hy is tog onderskeibaar van God. Aan die ander kant is Jesus God. Jesus is dus volwaardig God, maar God is ook meer as net Jesus. Wel, ons kan sien hoe belangrik hierdie verse is om die Drie-Eenheid van God te verduidelik: Drie Persone, elkeen volwaardig God, en tog onderskeibaar. Let ook op: Jesus was reeds in die begin God, ja selfs van ewigheid af. Jesus het nie God geword nadat Hy Sy verlossingswerk as mens kom doen het nie – nee, in die begin was Hy al God.

Kan ek opsom: Jesus bestaan al vir ewig, en daarom het Hy al bestaan in die begin tydens die skeppingsgebeure. Jesus is ook die Woord, dit is die Woord van die Here waardeur en deur Wie die Here Homself openbaar. En die Woord van die Here stem ooreen met Sy dade – so ons kan verwag dat die Here Jesus ook doen wat die Here wil, en dit is ook deur Jesus se dade dat die Here Homself sal openbaar. Jesus was dus van die begin af al in harmonie met God. Trouens, Jesus was van die begin af al God. Ja, daar is meer Persone in die Godheid as net Jesus, maar Jesus was ook alreeds in die begin volwaardig God. Onthou wat een van Johannes se doelwitte met sy evangelie is: om sy lesers te oortuig dat Jesus die Seun van God is. Sy openingstelling sê alreeds Jesus is God en by God. Hy is die tweede Persoon in die Drie-Eenheid – Hy is God die Seun, Hy is die Seun van God.

<u>Wat het Jesus al gedoen? (Joh 1:3)</u>

Lees Joh 1:3. Alles het deur Jesus ontstaan, en sonder Hom het nie een ding wat bestaan, ontstaan nie. M.a.w. Jesus is die Een deur Wie God geskep het. Ja, Gen 1 leer God het geskep. En Gen 1 leer God het geskep deur te praat. Wel, Jesus is die Woord. En Jesus is God. Dus verstaan ons God het deur Jesus geskep. Dit strook tog met Kol 1:16-17a: “want deur Hom (dit is Jesus) het God alles geskep: alles in die hemel en op die aarde, die sigbare en die onsigbare dinge, of dit koninklike of heersende magte, owerhede of gesagvoerders is – alles is deur Hom en tot Hom geskep. Hy het voor alles bestaan”. Ek glo dit is duidelik: God het geskep, maar Hy het geskep deur die Woord, dit is deur

Jesus. Boonop bevestig Kol 1:17 dat Jesus nie net in die begin alreeds bestaan het nie, maar dat Hy selfs voor alles al bestaan het – Sy bestaan gaan terug in die ewigheid in. Heb 1:2 bevestig ook dat God deur Jesus die wêreld geskep het.

Sien jy wat Johannes doen? Johannes wil ons denke oor die Here Jesus reg van die begin van sy evangelie oplig tot op hoë hoogtes: Jesus is soveel meer as 'n babatjie wat in die krip lê aan wie die sterrekykers kom hulde bewys – nee, Hy is die Skepper – Hy is die Skepper van die krip, Hy is die Skepper van Sy aardse ouers, Hy is die Skepper van die sterrekykers, Hy is selfs die Skepper van die sterre – daar is niks wat bestaan, wat Hy nie geskep het nie! Hy was in die begin al by God, Hy was in die begin al God, Hy is die Een deur wie God alles geskep het.

Wat is die verband tussen Jesus en ons (Joh 1:4)?

Lees Joh 1:4. Ons lees in die Woord, dit is in Jesus, was daar lewe. Dit het tog sekerlik al duidelik geword tydens die skeppingsgebeure – dit was tydens hierdie gebeure dat lewe ontstaan het: plante, diere en die mens. Maar dit was God wat deur Jesus hierdie lewe geskep het. Jesus was dus die bron van die lewe. Die skeppingsgebeure is dus openbaringsgebeure – wat daar gebeur het openbaar dat God, en die Here Jesus, die bron van lewe is. Wat die mens nog meer uniek maak, is dat die mens nie maar net lewe ontvang het van die Woord nie, nee, hulle is selfs na die beeld van God geskape. Nie net is Jesus die Een deur wie God geskep het nie – nee, Hy is ook die bron van lewe, en in die geval van die mens het Hy so 'n vorm van lewe geskep dat hulle selfs die beeld van God mag vertoon.

Maar Johannes gaan verder en voeg by dat die Here Jesus nie net lewe gegee het nie, nee, hierdie lewe was die lig vir die mense. Kom ons gaan weer terug na die skeppingsgebeure – In Gen 1:2 lees ons nadat God die hemel en die aarde geskep het, was dit donker op die aarde (Gen 1:2). Daarna het God deur die Here Jesus op die eerste dag lig geskep – lig wat die donker moes verdryf. Ons kan dus uit die skeppingsgebeure al sien dat die Here Jesus nie net die bron van lewe is nie, maar ook die bron van lig.

Maar, geliefdes, die Here Jesus is nie maar net die Een deur wie God fisiese lewe en fisiese lig geskep het nie. Soos wat ons in die evangelie vorder sal dit al hoe duideliker word dat Johannes hier alreeds baie meer in gedagte het as net fisiese lewe en fisiese lig. Ons weet in Gen 3 het die mens in sonde geval, en daardeur het hulle gesterf – ja, enersyds sou hulle fisies sterf, maar hulle het selfs, en nog meer belangrik, geestelik gesterf – daardie beeld van God waarvolgens hulle geskep is, het verwronge geraak, hulle het geestelik gesterf, daar het as't ware weer donkerte oor die aarde gekom.  Die punt wat Johannes maak hier aan die begin van sy evangelie, is dat die Here Jesus ook die Een is wat weer geestelike lewe kan bring, die Een wat weer lig kan bring in hierdie sondegevalle en donker wêreld. Die detail sal volg in die res van die boek.

Begin jy die verband sien wat daar tussen die Here Jesus en ons bestaan? Nie net is Hy die Skepper nie – nee, Hy is ook ons Skepper. Nie net is Hy ons Skepper nie,  – nee, Hy is vir ons die bron van lewe en lig. Nie net is Hy die bron van fisiese lewe en lig nie, nee, Hy is vir ons die bron van ewige geestelike lewe en ware lig. Onthou wat Johannes se doel is met sy evangelie: Enersyds om ons te oortuig dat Jesus die Christus is en dat Hy die Seun van God is. Andersyds om ons te oortuig as ons in Hom glo, sal ons die lewe ontvang. En dit is Johannes se stelling in vers 4: Jesus is die bron van lewe en lig.

Hoekom is Jesus so belangrik (Joh 1:5)?

Lees Joh 1:5. Voor die eerste skeppingsdag was die aarde donker. Na die eerste skeppingsdag was daar lig en donker – God het die lig dag genoem, en die donker nag. Hier praat ons van fisiese lig en donker. Tydens die sesde skeppingsdag het God die mens geskep en aan hom lewe gegee – fisiese lewe. Maar soos ons in ons bestudering van die skeppingsverbond gesien het, het die Here ook aan hulle skeppingsopdragte gegee, wat hulle moes uitvoer. As hulle dit suksesvol sou uitvoer, sou hulle rus ontvang – 'n ewige rus saam met die Here. Ongelukkig was die mens ongehoorsaam, en het in sonde geval. Ons het gesien sedertdien is daar stryd in die wêreld – stryd tussen die vrou en die slang, stryd tussen die nageslag van die vrou en die nageslag van die slang, dit is die duiwel. Daar is ook op geestelike vlak nou lewe en dood, lig en donker – soos wat daar in die natuurlike skepping is.

Sedertdien is dit die doel van die duiwel om duisternis te bevorder – hy wil die lig uitdoof. Baie keer in die loop van die Ou Testamentiese geskiedenis het dit gelyk of die duiwel suksesvol gaan wees – dink maar aan die situasie op die aarde voor die sondvloed waar ons lees dat die mens altyd net bedink het wat sleg was, dink maar aan die volk van die Here se volgehoue ongehoorsaamheid wat eventueel tot gevolg gehad het dat die Here hulle in ballingskap laat wegvoer het uit die beloofde land uit, terwyl die tempel ook vernietig is. Dikwels het dit gelyk of die duisternis gaan oorwin. Telkens het die Here egter ingegryp – Hy het Noag en Sy gesin gered, Hy het 'n oorblyfsel uit Juda gered wat teruggekom het uit ballingskap.

Maar die stelling wat Johannes hier in vers 5 maak is besonder kosbaar: Onthou volgens vers 4 is Jesus die bron van die lig vir die mense. En in vers 5 sê Johannes hierdie lig, waarvan Jesus die bron is, skyn in die duisternis en die duisternis kon dit eenvoudig nie uitdoof nie. Weereens, ons lees baie meer oor Jesus as die lig later in die evangelie – maar Johannes maak aan die begin reeds bekend: die duisternis kan eenvoudig nie die lig van Jesus uitdoof nie. Johannes het ongeveer 60 jaar na Christus geskryf – en teen daardie tyd was daar al verskeie vreemde opvattings oor Jesus – maar Johannes, onder leiding van die Heilige Gees, sê: die duisternis sal nie die lig van die Here Jesus uitdoof nie. Ons leef 2000 jaar later – en vandag is daar steeds verskeie vreemde opvattings oor Jesus – maar Johannes, onder leiding van die Heilige Gees, wil ons bemoedig: Die lig van Jesus skyn steeds in die duisternis, en die duisternis kan dit nie uitdoof nie.

Trouens, ons kan uitsien na 'n bedeling waar daar nie meer duisternis sal wees nie. In Op 22:5 lees ons van die Nuwe Jerusalem: "Daar sal ook nie meer nag wees nie. Die behoefte aan die lig van 'n lamp en die lig van die son sal nie meer bestaan nie, omdat die Here God hulle sal verlig, en hulle vir ewig en ewig as konings sal heers."

<u>Opsomming</u>

Johannes skryf sy evangelie om ons te oortuig die Here Jesus is die Christus en die Seun van God. Hy wil ons oortuig dat geloof in Hom die rasionele respons is, want die Here Jesus kan aan ons ware lewe gee.

Om ons te oortuig, begin Johannes met sy proloog – wat in 'n sekere sin 'n opsomming is van die res van die evangelie. Ons het nog maar net na die begin van die proloog gekyk – maar dit is alreeds duidelik dat Johannes ons wil herinner aan hoe groot en hoe heerlik die Here Jesus is. Hy herinner ons Jesus het nie maar eers met Sy geboorte op die toneel verskyn nie. Nee, Hy was alreeds in die begin. Hy moes dus ook al voor die begin bestaan het. Boonop het Jesus nie maar net bestaan nie – nee, Hy was toe alreeds en is steeds die Woord van die Here – m.a.w. Hy is die Een deur wie die Here Homself in besonder bekend maak. Dit was in die begin met die skepping duidelik – Jesus was nie maar net daar nie, nee, Jesus is die Een deur wie God alles geskep het. Trouens, Hy was nie net daar nie, Hy was ook self God. Ja, die Here Jesus is nie op Sy eie alleen God nie. God is meer as net die

Here Jesus. Maar Jesus was en is ook nie minder as God nie – Hy is God. Hy is Een van die Drie Persone in die Godheid.

As God deur Hom alles geskep het, beteken dit ook dat Hy ons geskep het. Die Here Jesus is dus die bron van lewe, ook van ons lewe. En Hy is boonop ook die bron van lig. Nie net van fisiese lewe en fisiese lig nie. Nee, Hy is die bron van ware lewe – ware, ewige, geestelike lewe. Hy is ook die bron van lig – ware lig wat ons harte en ons denke verlig. Al probeer die duiwel hoe hard om Sy lig uit te doof, sal hy nie suksesvol wees nie. Die lig van die Here Jesus sal nie uitgedoof word nie.

Dit is juis die grootheid van die Here Jesus, dit is juis Sy Godheid, wat beteken dat Hy nie net lewe nie, maar ook ware ewige lewe kan bewerk. Dit is hierdie feit wat Hom effektief maak as die Christus, as die Gesalfde Priesterkoning. Johannes wil ons herinner die Here Jesus is baie meer as 'n mens – Hy is ewige God. Dit is wat Sy menswording so merkwaardig maak!